Pen rentekoerse op huislenings vas

Die Nasionale Energiereguleerder se aankondiging dat 'n 24,8% styging in die prys van elektrisiteit aan Eskom toegestaan is, gaan hoër koerse vir huislenings oor die mediumtermyn meebring en huiseienaars behoort alles in hulle vermoë te doen om die impak daarvan te verlig, sê Leon Basson van die ERA-eiendomsgroep in Brits.

"Die verhoging sal inflasie ongetwyfeld aanwakker. Die sogenaamde ***sagte*** rentekoerssiklus is klaarblyklik nou verby en bestaande huiseienaars moet hulle geldsake in oënskou neem en die ooreenkomstig beplan," sê hy.

"Ek stem ook saam met ENB-ekonoom, John Loos, dat huiskopers hoër rentekoerse in berekening moet bring en vir hoër kostes vir water en ander dienste moet begroot aangesien ander verskaffers waarskynlik in Eskom se voetspore gaan volg en stygings gaan vra om instandhouding en verskaffing van infrastruktuur te befonds.

"Een opsie vir bestaande eienaars wat 'n goeie verhouding met hulle finansiers het, is om hulle huislenings se rentekoers vas te pen. Die koers is tipies hoër as die heersende rentekoers deurdat die verbandhouer 'n premie betaal vir die gerief dat hy presies weet wat sy koste vir die vasgestelde tydperk gaan wees.

"Huiseienaars wat dië uitweg volg - as hulle banke dit toestaan - sal dus die bitter medisyne van stygings dadelik sluk. Die moontlike voordele volg later wanneer rentekoerse styg en moontlik die vasgestelde koers verbysteek."

"Die basiese boodskap," sê Basson, "is egter dat die dae van relatief goedkoop energie vir huiseienaars vir goed verby is. Die gevolge sal waarskynlik op verskeie ander maniere ook manifesteer, insluitende stygende vraag na goedkoper eiendom, selfs sterker vraag na kleiner wooneenhede, voorsiening vir energiebesparende maatreëls in nuwe woonontwikkelings, en die aanbring van energiebesparende toestelle in bestaande huise."

Maak jou eiendom "energie-vriendelik"

As jy jou huis 'n voorsprong in die eiendomsmark wil gee, is dit 'n goeie plan om dit "energievriendelik" te maak sê Berry Everitt van die Chas Everitt-eiendomsgroep.

"Eskom se prysstygings, hoewel dit kleiner mag wees as wat aanvanklik verwag is, gaan dit alle huiseienaars raak. Daar is ook 'n groeiende gewaarwording dat energie en ander hulpbronne ter wille van die omgewing spaarsaam gebruik moet word - 'n feit wat deur die Kopenhagen-beraad onderstreep is - en huiskopers verkies toenemend ***groenö eiendom.***

"Kopers is op die oomblik op die uitkyk vir dak-insulasie, dubbelglas in vensters, son- of gaswarmwaterstelsels, voorafbetaalde elektrisiteitsmeters, boorgate, drup-besproeiingstelsels en reënwatertenks," sê hy. "Kortom, alles wat kan help om huishoudelike krag- en waterverbruik te snoei."

Everitt wys daarop dat verbruikers hulle toenemend beywer vir 'n omvattende skema wat eienaars wat die "groen-roete" volg, vergoed. Die Britse skema waar eienaars wat energiebesparende toerusting aanbring minder betaal vir die krag wat hulle verbruik, is een voorbeeld.

"Die enigste plaaslike aansporing tot dusver is die korting wat Eskom op die installering van sonverhitte warmwaterstelsels bied, maar met toenemende druk op SA om energie te bespaar terwyl Eskom poog om 'n groter opwekkingsvermoë te vestig is die moontlikheid nie uitgesluit nie dat die regering wel met 'n meer omvattende plan vorendag kan kom om meer huiseienaars aan te moedig om minder afhanklik van Eskom-krag te word."

Roses...

the truth is unveiled...

Simplicity

This pink floribunda is being planted very successfully in huge landscape projects as well as tens of thousands of gardens in the USA rivalling Iceberg. Its never ending display of semi-double, clear pink flowers, are made up of about 15 firm petals. The name Simplicity refers not only to the clean simple appearance but as much to the simplicity of planting a rose which needs very little care. In South Africa this does not imply that the rose does not need water on a regular basis.

TE KOOP IN ONTWIKKELING

Koop direk van die ontwikkelaar en spaar op agente kommissie en kostes. 3 Slaapkamers, 2 badkamers, toesluit-motorhuis. Hierdie eiendom is naby die Waterfall Mall. *(Alle kostes ingesluit)*

082 909 9801.

KOOPPRYS R795 000

2 Eenhede beskikbaar in fase 1.
Fase 2 & 3 moet nog ontwikkel word.

QUALITY BUSINESS UNITS TO LET

Warehousing, offices and show-rooms. 350m² to 550m². Great access, parking and exposure.

Contact Lynn
083 488 0728

Rustenburg Belasting-betalersvereniging (RBBV)

www.rbbv.co.za - registrasie@rbbv.co.za

Publieke Vergadering

Plek: Laerskool Proteapark Rugbyveld Soetdoringlaan
Datum: Donderdag, 25ste Maart 2010
Tyd: 18H00 (Vergadering begin stiptelik om 18H00)

Alle Belastingbetalers welkom, nooi almal . Aansoekvorms beskikbaar by die vergadering.

"As jy 'n verskil wil maak in ons dorp dan moet jy die vergadering bywoon"

Worsrolletjies word verkoop deur die skool. Kom kuier saam met ons.

'n Stukkie paradys van jou eie...

Grootte van huis: 171.7 sqm • Grootte van erf: 452 sqm
Vol titel • Levi pm 563.00
3 Groot slaapkamers, een en suite • Tweede vol badkamer
Twee kinderkamers met dakwaaiers
Slaapkamers het LG Aircons • Ingangsportaal
Baie ruim gesinskamer met groot LG aircon en gas kaggel.
Air-curtain tussen groot eetkamer en onthaalarea.
Kombuis soliede eikehout kaste met swart marmer werksoppervlak, aparte opwas/wasgoedkamer, spens.
Dubbelmotorhuis met afstandbeheer, instap in kombuis.
Alarmstelsel met Wesalarms.
Onthaalarea geplavei, louvre dak, braai, jacuzzi.
Gevestigde tuin met LM gras, voëlhok, wendyhuis.
Sekuriteitshek met wagte, elektries omhein.
Tweede grootste eenheid in kompleks.

R 1,300 000

12 Lobster Crescent, Villa Ronda, Waterval Oos.

Kontak: 074 132 5573